# POSTMASBURG ★YSTERFEES★

## ALGEMENE INLIGTING — GENERAL INFORMATION

### 1. DATUM VAN FEES — DATE OF FESTIVAL

| | | |
|---|---|---|
| Vrydag | **26 Oktober 2018** | **Friday** |
| Saterdag | **27 October 2018** | **Saturday** |

**Sluitingsdatum vir aansoeke :** — **Closing date for applications :**

| | | |
|---|---|---|
| Vrydag | **28 September 2018** | **Friday** |

**Keuringsuitslag :**
Vanaf Maandag, 8 Oktober 2018

**Screening results :**
From Monday, 8 October 2018

### 2. LIGGING — LOCATION

Skole-sportterrein
Houtstraat, Postmasburg

GPS-Koördinate :
S 28° 20' 23.7"
E 023° 03' 49.2"

Schools' Sports Grounds
Hout Street, Postmasburg

GPS Co-ordinates :
S 28° 20' 23.7"
E 023° 03' 49.2"

### 3. TARIEWE — TARIFFS

| OPELUG (VLOOIMARK) EN KOSAREA | | OPEN-AIR (FLEA MARKET) AND FOOD AREA | |
|---|---|---|---|
| Staanplek met Enkelfasekrag | 3m x 3m | Stand with Single Phase Electricity | R650 |
| Staanplek met Enkelfasekrag | 6m x 3m | Stand with Single Phase Electricity | R1,300 |
| Staanplek met Enkelfasekrag | 6m x 6m | Stand with Single Phase Electricity | R2,000 |
| Staanplek met Driefasekrag | 6m x 6m | Stand with Three Phase Electricity | R3,000 |

**1 x 15 Ampère-kragpunt ingesluit. Addisionele krag 1 x 15 Ampère @ R500.00**

**Pryse geldig vir die volle feestydperk en sluit BTW in.**
**Die bewys moet PER E-POS gestuur word – sien Bankbesonderhede op Aansoekvorm**

**1 X 15 Ampere power point included. Additional electricity 1 x 15 A @ R500.00**

**Prices valid for the duration of the festival and include VAT.**
**Proof of payment must be E-MAILED – see Banking Details on Application Form**

## 4. AANSOEK EN KEURING

'n Komitee oorweeg alle aansoeke wat 'n volledige produkbeskrywing insluit. Die komitee behou die reg voor om 'n beperking op die aantal stalletjies per produk te plaas.

**Aansoeke moet van foto's en 'n volledige produkbeskrywing vergesel word. Daarsonder sal aansoeke nie oorweeg word nie. Moet asseblief nie foto's faks nie. Pos of e-pos dit asseblief en dit moet die aansoekvorm vergesel!**

Die komitee sal voorkeur verleen aan handvervaardigde kunsverwante produkte wat kreatiwiteit en oorspronklikheid toon.

**Die beslissing van die komitee is finaal en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.**

Kosstalletjies moet aan die plaaslike munisipaliteit se brand- en gesondheids-regulasies voldoen.
**Gesondheidsertifikate moet die aansoek vergesel.**

**Kosstalletjiehouers is verantwoordelik vir hulle eie brandblussers sowel as verkoelingstoerusting vir bederfbare produkte.**

Kosstalletjies word beperk tot die spesifieke produkte wat aan hulle toegestaan en goedgekeur is.

Stuur aansoeke op een van die volgende wyses. Ons verkies dat u per e-pos aansoek doen.

## APPLICATION AND SCREENING

A committee will consider all applications with a full description of the product(s) to be sold. The committee reserves the right to limit the number of stalls per product.

**Applications must be accompanied by a comprehensive description of products. Without this, applications will not be considered. Please do not fax photos. They must be mailed or e-mailed and must accompany the application form!**

The committee will give preference to hand-made art-related products which exhibit creativity and originality.

**The decision by the committee is final and no correspondence will be entered into.**

Food stalls must comply with the fire and health regulations of the local municipality.
**Health certificates must accompany the application.**

**Food stall holders are responsible for their own fire extinguishers as well as cooling equipment for perishable products.**

Food stalls are limited to the specific products granted and approved of by the committee.

Please send applications in one of the following formats. We prefer applications to be e-mailed.

| | | |
|---|---|---|
| Faks | 053 313 0174 | Fax |
| E-pos | marnavz@telkomsa.net | E-mail |
| Navrae | Marna van Zyl<br>082 923 1711 | Enquiries |

## 5. BETALING

Suksesvolle aansoekers wat nie reeds betaal het nie, **moet** teen **12 Oktober 2018** die verskuldigde bedrag in Possies Ondersteunersklub (POK) se bankrekening betaal (Besonderhede verskyn op aansoekvorm).

Indien u ná keuring kanselleer, word 'n kansellasiefooi van 50% teruggehou. Indien u ná 12 Oktober 2018 kanselleer, word alle gelde verbeur.

## PAYMENT

Successful applicants who have not yet paid, **must** pay the amount due into the Possies Supporters' Club (POK) account by **12 October 2018**. (Details are on the application form).

If you cancel after selection, a cancellation fee of 50% will be withheld. If the cancellation occurs after 12 October 2018, all fees will be forfeited.

Onsuksesvolle aansoeke sal op 'n voorkeurlys geplaas word. In die geval van moontlike kansellasies of suksesvolle aansoekers, sal hierdie aansoeke heroorweeg word.

Unsuccessful applications will be kept on a preferential list. In case of possible cancellations of successful applicants, these applications will be reconsidered.

**Meld asseblief u handelsnaam op die depositostrokie en faks die betaalbewys aan 053 313 0174. 'n Teruggestuurde tjekbetaling beteken die aansoek is outomaties gekanselleer.**

Please use your trade name on the deposit slip and fax the proof of payment to 053 313 0174. A returned cheque payment means the application has automatically been cancelled.

## 6. HANDELSURE / TRADING HOURS

| | | |
|---|---|---|
| Vrydag | 14:00 – 21:00 | Friday |
| Saterdag | 10:00 – 21:00 | Saturday |

**GEEN** voertuie word tydens handelsure op die terrein toegelaat nie.

**NO** vehicles will be allowed on the grounds during trading hours.

Uitstallers is welkom om langer oop te bly, maar alle stalletjies <u>moet</u> tot 21:00 oop wees.

Exhibitors are welcome to stay open longer, but all exhibitions <u>must</u> be open until 21:00.

## 7. TOELATING TOT TERREIN / ADMISSION TO GROUNDS

Uitstallers se voertuie sal op die volgende tye tot die terrein toegelaat word om uitstalruimtes gereed te kry.

Exhibitors' vehicles will be allowed on to the grounds during the following times in order to prepare stalls.

| | | |
|---|---|---|
| Donderdag | 13:00 – 19:00 | Thursday |
| Vrydag | 06:00 – 12:00 | Friday |
| Saterdag | 07:30 – 09:00 | Saturday |

Om die veiligheid van voetgangers te verseker, moet alle voertuie teen die spertyd van die terrein verwyder wees.

To ensure the safety of pedestrians, all vehicles must be removed from the grounds by closing time.

Maksimum 2 voertuie per uitstaller word toegelaat.

Maximum 2 vehicles per stall will be admitted to the grounds.

Elke voertuig ontvang 'n plakker (2 plakkers per stalletjie) wat op die windskerm geplak moet word. Slegs hierdie plakker verleen toegang tot die terrein.

Each vehicle will receive a sticker (2 stickers per stall). These must be affixed to the windscreen. Only these stickers will provide admission to the grounds.

Finale opruiming sal na afloop van die fees op Sondag, 28 Oktober 2018 plaasvind. Die terrein moet teen 10:00 ontruim wees.

Final clearance will take place after the festival on Sunday, 28 October 2018. The grounds must be vacated by 10:00.

Indien u vóór 25 Oktober 2018 op die terrein wil wees, moet u asseblief vroegtydig reëlings tref .

If you need to be on the grounds before 25 October 2018, please make the necessary arrangements timeously.

**Marna van Zyl Tel. 082 923 1711**

Een uitstaller en 'n helper word gratis tot die terrein toegelaat. **Addisionele helpers moet 'n toegangsfooi van R100.00 per persoon per dag betaal.**

One exhibitor and a helper will be allowed on to the grounds free of charge. **Additional helpers will have to pay an entrance fee of R100.00 per person per day.**

## 8. VERBLYF EN AKKOMMODASIE

Verblyf is die uitstaller se eie verantwoordelikheid. Kleedkamers is op die terrein beskikbaar.

Indien nodig, is koshuisverblyf vir Vrydag en Saterdag in die koshuis beskikbaar @ R100 per persoon per nag.

Koshuisverblyf is beperk en besprekings is noodsaaklik.

Koshuismatrone :

## LODGING & ACCOMMODATION

Accommodation is the responsibility of the exhibitor. Cloakrooms will be available on the grounds.

Accommodation will be available for Friday and Saturday in the hostel @ R100 per person per night.

Accommodation in the hostel is limited and reservations are essential.

Hostel matron :

**Dalene Maritz Tel. 072 854 0379**

(weeksdae ná 14:00) (week days after 14:00)

## 9. KOSSTALLETJIES

Voedselstalletjies sal gereeld deur 'n gesondheidsinspekteur besoek word om te verseker dat die nodige standaarde volgehou word.

Indien die stalletjie nie aan die standaarde voldoen nie, sal handel verbied word totdat die voorgeskrewe standaarde nagekom word.

Alle kostalletjies MOET in besit wees van die nodige geskiktheidsertifikaat wat tydens die Fees aan die omgewingsgesondheids-afdeling getoon moet word.

Alle afval moet in die groot afvalhouers op die terrein gegooi word.

U stalletjie moet te alle tye skoon en netjies wees.

**Geen vure of as word op die grond of gras toegelaat nie.**

**Stalletjiehouers sal beboet word indien die reëls met betrekking tot vure op die grond en gras verontagsaam word.**

**Alle as in u braaidrom / -houer moet verwyder word vóórdat die stalletjie opgeruim word.**

## FOOD STALLS

Food stalls will frequently be visited by a health inspector to ensure that the necessary standards are maintained.

If the stall does not comply with the standard, trading will be prohibited until the prescribed standards are met.

All food stalls MUST be in possession of the necessary competency certicate, which must be shown to the environmental health division during the Festival.

All waste must be placed in the large waste containers on the grounds.

Your stall must be neat and clean at all times.

**No fires or ash will be allowed on the ground or grass.**

**Stall owners will be fined if the regulations regarding fires on the ground and grass are ignored.**

**All ash in your braai drum / container must be removed before the stand is cleared.**

## 10. KRAGVOORSIENING

Die terrein maak voorsiening vir elektrisiteit met oorhoofse beligting.

Uitstallers moet asseblief hulle eie elektriese verlengkoorde asook ekstra ligte voorsien.

**1 x 15 Ampère-enkelfasekonneksie**
***<u>OF</u>***
**1 x driefasekonneksie is per stalletjie beskikbaar.**

**Die gebruik van gas word aanbeveel.**

Kragpunte sal deurlopend getoets word.

Indien die reëls oortree word, sal die volgende stappe geneem word :

1ste oortreding : Waarskuwing, R500-boete

2de oortreding : Uitsetting

## ELECTRICITY SUPPLY

Electricity as well as overhead lighting will be provided.

Stall owners must please provide their own extension cords as well as extra lights.

**1 X 15 Ampere single phase**
***<u>OR</u>***
**1 x three phase connection is available per stall.**

**The use of gas will be preferrable.**

Power points will be tested continually.

If the rules are disobeyed, the following steps will be taken :

1st offence : Warning, R500 fine

2nd offence : Eviction

## 11. SEKURITEIT

Postmasburg Ysterfees verskaf voltydse sekuriteit, maar kan nie aanspreeklikheid aanvaar vir enige verlies of skade nie. Uitstallers stal op eie risiko uit.

## SECURITY

Postmasburg Ysterfees will provide full-time security, but cannot accept responsibility for any loss or damage. Stall owners will exhibit at their own risk.

## 12. VERBODE ARTIKELS

Die volgende artikels is TOTAAL VERBODE op die terrein :

- Laserflitse
- BB-gewere
- Stinkbomme
- Vuurwerke

Die reëls van 'n "vlooimark" moet gerespekteer word.

Neem asseblief ander feesgangers in ag.

## FORBIDDEN ARTICLES

The following articles are TOTALLY FORBIDDEN on the festival grounds :

- Laser lights
- BB guns
- Stink bomb
- Fireworks

The rules of a "flea market" must be respected.

Please respect other festival goers.

## 13. REGISTRASIE

Alle uitstallers moet vanaf 13:00 tot 19:00 op Donderdag, 25 Oktober 2018 en vanaf 06:00 tot 12:00 op Vrydag, 26 Oktober 2018 registreer.

Registrasie vind op die skole-sportterrein van Hoërskool Postmasburg (Ysterfees-feesterrein) plaas.

Uitstallers wat nie op hierdie dae registreer nie, verbeur hul fooie / stalletjies en die komitee sal dit herverhuur.

## REGISTRATION

All exhibitors must register on Thursday, 25 October 2018 between 13:00 and 19:00, or on Friday, 26 October 2018 between 06:00 and 12:00.

Registration will take place at the sports grounds of Postmasburg High School (Ysterfees festival grounds).

Exhibitors who do not register on these two days, will forfeit their fees / stalls and the committee will relet it.

Omdat die hekke op 25 Oktober tot 13:00 gesluit sal wees, mag geen uitstallers in hierdie tyd registreer nie.

Because the gates will be locked until 13:00 on 25 October, no exhibitors will be allowed to register.

Tydens registrasie word die nodige registrasie- en toegangsdokumente aan u uitgereik.

You will receive the necessary registration and admission documentation upon registration.

Alle uitstallers se voertuie moet teen 13:00 op Vrydag, 26 Oktober van die terrein af wees. Parkering sal aangewys word.

All exhibitors' vehicles must be off the grounds by 13:00 on Friday, 26 October. Parking will be indicated.

## 14. VOORWAARDES EN VRYWARING

## TERMS AND INDEMNITY

Die komitee aanvaar geen verantwoordelikheid indien u produk(te) nie verkoop nie.

The committee does not accept responsibility if your product(s) do(es) not sell.

GEEN onderverhuring of "rondloper-verkope" word toegelaat nie. Onmiddellike uitsetting sal geskied.

NO subleasing or "wander around sales" allowed. Immediate eviction will take place.

Uitstallers is verantwoordelik vir die oprigting / afslaan van hul stalletjie, asook stoele, tafels, gazebo's, ens. U ontvang slegs die toegekende ruimte.

Exhibitors are responsible for setting up / packing up of stalls, as well as chairs, tables, gazebos, etc. You only receive the allocated space.

Uitstallers is verantwoordelik vir die netheid van hulle stalletjies, asook om die terrein netjies agter te laat.

Exhibitors are responsible for the neatness of their stalls, as well as the neatness of the terrain afterwards.

Die komitee kan nie verantwoordelik gehou word vir enige verlies, skade of besering nie. Sekuriteit is deurlopend tydens die fees beskikbaar.

The committee cannot be held responsible for any loss, damage or injury. Security will be available throughout the festival.

Reg van toegang word voorbehou. Indien uitstallers hulle skuldig maak aan wangedrag of die reëls soos in hierdie dokument uiteengesit oortree, behou die komitee die reg om sodanige uitstallers te skors, 'n R500-boete op te lê, of die terrein te belet.

Right of admission is reserved. If exhibitors are guilty of misconduct or transgression of the rules stipulated in this document, the committee has the right to expel such exhibitors, lay a R500 fine, or refuse admission to the grounds.

Die komitee aanvaar geen verantwoordelikheid vir kopieregskendings nie en ook nie vir die handhawing van konsessieregte tussen uitstallers nie.

The committee does not accept any responsibility for violation of copyright nor for upholding concession rights between exhibitors.

Geen troeteldiere word by stalletjies toegelaat nie.

No pets are allowed on stands.

**MOET ASSEBLIEF NIE HIERDIE GEDEELTE TERUGSTUUR NIE.**

**PLEASE DO NOT RETURN THIS SECTION**